



GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **60c** Plaaslik
Other countries 95c Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 287

CAPE TOWN, 26 MAY 1989

No. 11894

KAAPSTAD, 26 MEI 1989

STATE PRESIDENT'S OFFICE

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1046.

26 May 1989

No. 1046.

26 Mei 1989

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 55 of 1989: Financial Markets Control Act, 1989.

No. 55 van 1989: Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Om voorsiening te maak vir die regulering van en beheer oor finansiële markte; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 17 Mei 1989.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- 5 (i) “aantekening” ook ’n register, aantekening van inligting, rekening, rekeningkundige aantekening, bandopname of rekenaardrukstuk soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Rekenaargetuienis, 1983 (Wet No. 57 van 1983); (xix)
- 10 (ii) “effektebeurs” ’n effektebeurs soos in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985), omskryf; (xxiv)
- (iii) “erkende verrekeningshuis”, met betrekking tot ’n finansiële beurs, ’n verrekeningshuis wat by die toepassing van hierdie Wet deur die Registrateur erken is; (xviii)
- 15 (iv) “finansiële beurs” ’n vereniging beoog in artikel 7 aan wie ’n finansiële mark-lisensie uitgereik is; (v)
- (v) “finansiële instrument”—
- (a) ’n termynkontrak;
- (b) ’n opsiekontrak;
- 20 (c) ’n leningseffek; of
- (d) enige ander instrument wat deur die Registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot finansiële instrument verklaar is; (vi)
- (vi) “finansiële instrument-handelaar” ’n persoon wat lid is van ’n finansiële beurs en wat kragtens die reëls daarvan gemagtig is om die besigheid van die koop en verkoop van genoteerde finansiële instrumente ten behoewe van ander persone of vir eie rekening te dryf; (viii)
- 25 (vii) “finansiële instrument-prinsipaal” ’n persoon wat lid is van ’n finansiële beurs, maar wat nie ’n finansiële instrument-handelaar is nie, en wat kragtens die reëls daarvan gemagtig is om die besigheid van die koop en verkoop van genoteerde finansiële instrumente vir eie rekening te dryf; (vii)
- 30 (viii) “finansiële mark” ’n mark vir die dryf van besigheid van koop en verkoop van finansiële instrumente, welke besigheid plaasvind—
- (a) op ’n beurs of by enige ander plek; of
- (b) deur middel van een of ander fasiliteit; (ix)
- 35 (ix) “finansiële mark-lisensie” ’n lisensie uitgereik ingevolge artikel 9 om die besigheid van ’n finansiële mark te dryf; (x)

Act No. 55, 1989

FINANCIAL MARKETS CONTROL ACT, 1989

- the business of buying and selling listed financial instruments on behalf of other persons or on his own account; (vi)
- (ix) "financial market" means a market for the carrying on of the business of buying and selling financial instruments, taking place— 5
 (a) on an exchange or at any other place; or
 (b) by means of any facility; (viii)
- (x) "financial market licence" means a licence issued in terms of section 9 to carry on the business of a financial market; (ix)
- (xi) "futures contract" means a standardized contract imposing an obligation on a person to make or accept delivery of corporeal or incorporeal things on a future date at a pre-arranged price; (xxii) 10
- (xii) "listed financial instruments" means financial instruments included in the list of financial instruments kept by an executive committee in terms of section 14; (x)
- (xiii) "loan stock" means an instrument creating or acknowledging indebtedness, 15 issued by—
 (a) the Government of the Republic of South Africa;
 (b) an institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961);
 (c) Eskom; 20
 (d) the Rand Water Board;
 (e) the Land and Agricultural Bank of South Africa;
 (f) the Industrial Development Corporation of South Africa, Limited; or
 (g) any other institution designated by the Registrar by notice in the *Gazette*, 25
 but excluding any such instrument specified from time to time by the Registrar by notice in the *Gazette*; (xiv)
- (xiv) "member", in relation to a financial exchange, means any person who is a financial instrument trader or financial instrument principal; (xv)
- (xv) "Minister" means the Minister of Finance; (xvi) 30
- (xvi) "option contract" means a standardized contract conferring a right on a person to make or accept delivery of corporeal or incorporeal things on or before a future date at a pre-arranged price; (xviii)
- (xvii) "prescribed" means prescribed by regulation; (xxvi)
- (xviii) "recognized clearing house", in relation to a financial exchange, means a 35 clearing house recognized for the purposes of this Act by the Registrar; (iii)
- (xix) "record" includes any register, recording of information, account, accounting record, tape-recording or computer print-out as defined in section 1 of the Computer Evidence Act, 1983 (Act No. 57 of 1983); (i)
- (xx) "Registrar" means the Registrar of Financial Markets designated under 40 section 2 (1); (xx)
- (xxi) "regulation" means a regulation made under section 37; (xxi)
- (xxii) "rules", in relation to a financial exchange, means rules of that exchange referred to in section 17; (xix)
- (xxiii) "standardized contract" means a contract that complies with the formal 45 requirements applying on a financial market to a contract of the kind in question and in respect of which dealings take place on that market; (xi)
- (xxiv) "stock exchange" means a stock exchange as defined in section 1 of the Stock Exchanges Control Act, 1985 (Act No. 1 of 1985); (ii)
- (xxv) "this Act" includes the regulations; (xii) and 50
- (xxvi) "unsolicited call", in relation to entering into an agreement in respect of listed financial instruments, means a personal visit made to someone or an oral communication made to someone without an express or tacit invitation from such person, but excluding any personal visit or oral communication made to a stock-broker as defined in section 1 of the Stock Exchanges 55 Control Act, 1985 (Act No. 1 of 1985), a member of a financial exchange, or a financial institution referred to in paragraph (a), (b), (c), (d), (e), (f) or (h) of the definition of 'financial institution' in section 1 of the Financial Institutions (Investment of Funds) Act, 1984 (Act No. 39 of 1984). (xvii)

WET OP BEHEER VAN FINANSIËLE MARKTE, 1989

Wet No. 55, 1989

- (x) "genoteerde finansiële instrumente" finansiële instrumente wat opgeneem is in die lys van finansiële instrumente wat deur 'n uitvoerende komitee ingevolge artikel 14 gehou moet word; (xii)
- 5 (xi) "gestandaardiseerde kontrak" 'n kontrak wat voldoen aan die formele vereistes wat op 'n finansiële mark van toepassing is op 'n kontrak van die betrokke aard en ten opsigte waarvan daar op daardie mark sake gedoen word; (xxiii)
- (xii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xxv)
- 10 (xiii) "hof", met betrekking tot die likwidasië of geregtelike bestuur van 'n finansiële beurs, enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika binne die regsgebied waarvan die hoofkantoor van die beurs geleë is; (ii)
- (xiv) "leningseffek" 'n instrument wat 'n skuld skep of 'n bewys van 'n skuld is, uitgereik deur—
- 15 (a) die Regering van die Republiek van Suid-Afrika;
- (b) 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961);
- (c) Eskom;
- (d) die Randwaterraad;
- 20 (e) die Land- en Landboubank van Suid-Afrika;
- (f) die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk; of
- (g) 'n ander instelling deur die Registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys, maar uitgesonderd enige sodanige instrument wat van tyd tot tyd deur die Registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* gespesifiseer word; (xiii)
- 25 (xv) "lid", met betrekking tot 'n finansiële beurs, 'n persoon wat 'n finansiële instrument-handelaar of finansiële instrument-prinsipaal is; (xiv)
- (xvi) "Minister" die Minister van Finansies; (xv)
- (xvii) "ongevraagde uitnodiging", met betrekking tot die aangaan van 'n ooreenkoms ten opsigte van genoteerde finansiële instrumente, 'n persoonlike besoek aan iemand gebring of 'n mondelinge mededeling aan iemand gedoen sonder uitdruklike of stilswyende uitnodiging van so iemand, maar met uitsondering van so 'n persoonlike besoek gebring, of so 'n mondelinge mededeling, aan 'n effektemakelaar soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985), 'n lid van 'n
- 30 finansiële beurs, of 'n finansiële instelling genoem in paragraaf (a), (b), (c), (d), (e), (f) of (h) van die omskrywing van 'finansiële instelling' in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 (Wet No. 39 van 1984); (xxvi)
- 40 (xviii) "opsiekontrak" 'n gestandaardiseerde kontrak wat aan iemand 'n reg verleen om liggaamlike of onliggaamlike goedere voor of op 'n toekomstige datum teen 'n voorafbepaalde prys te lewer of te ontvang; (xvi)
- (xix) "reëls", met betrekking tot 'n finansiële beurs, reëls van daardie beurs bedoel in artikel 17; (xxii)
- 45 (xx) "Registrateur" die Registrateur van Finansiële Markte kragtens artikel 2 (1) aangewys; (xx)
- (xxi) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 37 uitgevaardig; (xxi)
- (xxii) "termynkontrak" 'n gestandaardiseerde kontrak wat 'n verpligting op 'n persoon plaas om liggaamlike of onliggaamlike goedere op 'n toekomstige datum teen 'n voorafbepaalde prys te lewer of te ontvang; (xi)
- 50 (xxiii) "uitvoerende beampte", met betrekking tot 'n finansiële beurs, die persoon wat 'n uitvoerende komitee ingevolge die betrokke reëls as die hoofuitvoerende beampte van daardie beurs aanstel of, in sy afwesigheid, sy plaasvervanger of, as daar nie so 'n hoofuitvoerende beampte of plaasvervanger is nie, dié ander persoon wat so 'n komitee aanstel om die werksaamhede te verrig wat deur die uitvoerende beampte verrig moet of kan word; (iv)
- 55 (xxiv) "uitvoerende komitee", met betrekking tot 'n finansiële beurs, die uitvoerende gesag wat ingevolge die reëls van dié beurs ingestel is om die sake van die beurs te bestuur; (iii)
- 60 (xxv) "verrekeningshuis", met betrekking tot 'n finansiële beurs, 'n regspersoon of oningelyfde vereniging wat dienste of fasiliteite verskaf ten opsigte van die koop en verkoop van finansiële instrumente op die betrokke finansiële mark; (i) en
- (xxvi) "voorgeskrewe" by regulasie voorgeskryf. (xvii)

Act No. 55, 1989**FINANCIAL MARKETS CONTROL ACT, 1989****Registrar of Financial Markets**

2. (1) The Minister shall designate an officer or employee in the Public Service as Registrar of Financial Markets, who shall, subject to the control of the Minister, exercise all the powers and carry out all the duties conferred upon or assigned to the Registrar by or under this Act. 5

(2) The Minister may designate an officer or employee in the Public Service as Deputy Registrar of Financial Markets, who shall, subject to the control and directions of the Registrar, be competent to exercise any power and carry out any duty which the Registrar is permitted or required to exercise or carry out.

(3) The Registrar may, subject to such conditions as he may determine, delegate or assign any power or duty conferred upon or assigned to him by or under this Act to an officer or employee in the Public Service, but shall not thereby be divested or relieved of a power or duty so delegated or assigned. 10

(4) (a) There shall be a right of appeal to the Minister against a decision of the Registrar, and such appeal shall be lodged and prosecuted in the manner and within the time prescribed. 15

(b) The Minister may confirm, set aside or vary the decision appealed against, and the Minister's decision on such appeal shall for all purposes be deemed to be the decision of the Registrar.

Financial Markets Advisory Board

20

3. (1) (a) The Minister may appoint a Financial Markets Advisory Board (in this section referred to as the advisory board), consisting of a chairman and such other members as the Minister may from time to time determine.

(b) A member of the advisory board shall hold office for such period as the Minister may determine and shall be eligible for reappointment upon the expiration of his period of office. 25

(2) The advisory board may from time to time conduct any investigation, and advise the Registrar, or make recommendations to the Minister, regarding any matter relating to financial markets and stock exchanges, and shall advise the Minister on any such matter referred to the advisory board by the Minister. 30

(3) The advisory board shall in relation to witnesses and their evidence have the powers of a commission duly appointed under the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947).

(4) The Registrar may submit to the advisory board any information which is in his possession, or which he may obtain, and which is relevant to any matter which the advisory board is investigating or considering. 35

(5) (a) The advisory board may appoint one or more subcommittees for the purposes of considering, and advising on, such matters relating to financial markets and stock exchanges as may be referred to such a subcommittee by the advisory board. 40

(b) The advisory board shall appoint as members of a subcommittee one or more of its members and, if it deems it necessary, one or more other persons for such periods of office as the advisory board may from time to time determine.

(6) The advisory board may call to its assistance such person or persons as it may deem necessary to assist it, or to investigate matters relating to financial markets and stock exchanges. 45

(7) The Registrar shall be responsible for the administrative work incidental to the performance of the functions of the advisory board and any subcommittee.

Restriction on carrying on of business of financial market or of buying and selling listed financial instruments 50

4. (1) No person shall carry on or hold himself out as carrying on the business of a financial market, except under a financial market licence.

(2) No person shall carry on the business of buying and selling—

(a) unlisted financial instruments on a financial market on behalf of other persons or on his own account; or 55

(b) listed financial instruments on behalf of other persons or on his own account, unless—

Registrateur van Finansiële Markte

2. (1) Die Minister wys 'n beamppte of werknemer in die Staatsdiens aan as Registrateur van Finansiële Markte, wat, onderworpe aan die beheer van die Minister, al die bevoegdhede uitoefen en al die pligte uitvoer wat by of kragtens 5 hierdie Wet aan die Registrateur verleen of opgedra word.

(2) Die Minister kan 'n beamppte of werknemer in die Staatsdiens aanwys as Adjunk-registrateur van Finansiële Markte, wat bevoeg is om, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Registrateur, enige bevoegdheid uit te oefen en enige plig uit te voer wat die Registrateur kan of moet uitoefen of uitvoer.

10 (3) Die Registrateur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige bevoegdheid of plig by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen of opgedra, aan 'n beamppte of werknemer in die Staatsdiens delegeer of opdra, maar word nie daardeur van 'n bevoegdheid of plig aldus gedelegeer of opgedra, ontdoen of onthef nie.

15 (4) (a) Daar is 'n reg van appèl na die Minister teen 'n besluit van die Registrateur, en sodanige appèl word aangeteken en voortgesit op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk.

(b) Die Minister kan die beslissing waarteen geappelleer word, bekragtig, tersyde stel of wysig, en die beslissing van die Minister by so 'n appèl, word vir alle doeleindes geag die beslissing van die Registrateur te wees.

20 Adviesraad op Finansiële Markte

3. (1) (a) Die Minister kan 'n Adviesraad op Finansiële Markte (in hierdie artikel die adviesraad genoem) aanstel, wat bestaan uit 'n voorsitter en die ander lede wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

25 (b) 'n Lid van die adviesraad beklee sy amp vir die tydperk wat die Minister bepaal en kan by verstryking van sy ampstermyn heraangestel word.

(2) Die adviesraad kan van tyd tot tyd ondersoek instel en die Registrateur van advies dien, of aanbevelings by die Minister doen, aangaande enige aangeleentheid betreffende finansiële markte en effektebeurse, en moet die Minister van advies dien oor 'n aangeleentheid wat deur die Minister na die adviesraad verwys word.

30 (3) Die adviesraad het met betrekking tot getuies en hulle getuienis die bevoegdhede van 'n kommissie behoorlik kragtens die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), aangestel.

35 (4) Die Registrateur kan aan die adviesraad enige inligting voorlê wat in sy besit is, of wat hy mag verkry, en wat ter sake is by 'n aangeleentheid wat die adviesraad ondersoek of oorweeg.

(5) (a) Die adviesraad kan een of meer subkomitees aanstel om die aangeleent- hede betreffende finansiële markte en effektebeurse wat deur die advies- raad na so 'n subkomitee verwys word, te oorweeg en daarvoor advies te gee.

40 (b) Die adviesraad stel een of meer van sy lede en, indien hy dit nodig ag, een of meer ander persone as lede van 'n subkomitee aan vir die ampstermyne wat die adviesraad van tyd tot tyd bepaal.

(6) Die adviesraad kan die hulp inroep van die persoon of persone wat hy mag nodig vind om hom by te staan, of om aangeleenthede betreffende finansiële markte 45 en effektebeurse te ondersoek.

(7) Die Registrateur is verantwoordelik vir die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die adviesraad en enige subkomitee.

Beperking op dryf van besigheid van finansiële mark of van koop en verkoop van genoteerde finansiële instrumente

50 4. (1) Niemand mag die besigheid van 'n finansiële mark dryf of voorgee om dit te dryf nie, behalwe kragtens 'n finansiële mark-lisensie.

(2) Niemand mag die besigheid van koop en verkoop van—

(a) ongenoteerde finansiële instrumente op 'n finansiële mark ten behoeve van ander persone of vir eie rekening dryf nie; of

55 (b) genoteerde finansiële instrumente ten behoeve van ander persone of vir eie rekening dryf nie, tensy hy—

(i) in die geval van sodanige koop en verkoop ten behoeve van ander persone, 'n finansiële instrument-handelaar is; of

Act No. 55, 1989

FINANCIAL MARKETS CONTROL ACT, 1989

- (i) in the case of such buying and selling on behalf of other persons, he is a financial instrument trader;
 - (ii) in the case of such buying and selling on his own account, he is a financial instrument trader or financial instrument principal, or he is a person other than a financial instrument trader or financial instrument principal and the buying and selling is effected through a financial instrument trader. 5
- (3) A person shall for the purposes of this Act be deemed to be carrying on the business of buying and selling financial instruments if in the opinion of the Registrar— 10
- (a) it is a regular feature of his business to buy and sell financial instruments on behalf of other persons or on his own account; or
 - (b) he holds himself out as a person who carries on the business of buying and selling financial instruments.

Restrictions on administration and custody of investments in listed financial instruments on behalf of other persons 15

5. (1) No person shall, as a regular feature of his business, administer or hold in safe custody on behalf of any other person any investments in listed financial instruments or any investments of which listed financial instruments form part, unless he is— 20
- (a) a financial instrument trader;
 - (b) a stock-broker as defined in section 1 of the Stock Exchanges Control Act, 1985 (Act No. 1 of 1985);
 - (c) an insurer registered (including provisionally registered) in terms of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943); 25
 - (d) a banking institution registered (including provisionally registered) under the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965);
 - (e) a company which is registered as a management company under the Unit Trusts Control Act, 1981 (Act No. 54 of 1981), or a company or institution which is registered as a trustee under that Act; 30
 - (f) an attorney practising as such on his own account or in partnership or as a member of a professional company;
 - (g) an accountant or auditor registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), as an accountant and auditor and engaged in public practice as such; or 35
 - (h) a person approved by the Registrar, or who is a member of a category of persons approved by the Registrar,
- and complies with such conditions as the Minister may from time to time determine by notice in the *Gazette*. 40
- (2) For the purposes of subsection (1) it shall be deemed that the administration or safe custody of listed financial instruments is not a regular feature of the business of any person— 40
- (a) unless in the opinion of the Registrar he—
 - (i) either for himself or for any other person, directly or indirectly, canvasses or advertises for any work being the administration or safe custody of such financial instruments; or 45
 - (ii) receives any valuable consideration (other than fees normally charged by an attorney or an accountant or auditor referred to in subsection (1) for services rendered) for the administration or safe custody of such financial instruments; or 50
 - (b) if such financial instruments form part of the assets—
 - (i) in any deceased or insolvent estate, and he is the executor, administrator or trustee concerned or a person administering or holding in safe custody such financial instruments on behalf of that executor, administrator or trustee; 55
 - (ii) of any person under curatorship, and he is the curator concerned or a person administering or holding in safe custody such financial instruments on behalf of that curator;
 - (iii) of a juristic person in liquidation or under judicial management, and he is the liquidator or judicial manager concerned or a person 60

WET OP BEHEER VAN FINANSIËLE MARKTE, 1989

Wet No. 55, 1989

- (ii) in die geval van sodanige koop en verkoop vir eie rekening, 'n finansiële instrument-handelaar of finansiële instrument-prinsipaal is, of iemand anders as 'n finansiële instrument-handelaar of finansiële instrument-prinsipaal is en die koop en verkoop deur bemiddeling van 'n finansiële instrument-handelaar geskied.
- 5 (3) 'n Persoon word by die toepassing van hierdie Wet geag die besigheid van koop en verkoop van finansiële instrumente te dryf indien na die oordeel van die Registrateur—
- (a) dit 'n staande kenmerk van sy besigheid is om finansiële instrumente ten 10 behoeve van ander persone of vir eie rekening te koop en verkoop; of
- (b) hy homself voordoen as 'n persoon wat die besigheid van koop en verkoop van finansiële instrumente dryf.

Beperkings op administrasie en bewaring van beleggings in genoteerde finansiële instrumente namens ander persone

- 15 5. (1) Niemand mag, as 'n staande kenmerk van sy besigheid, beleggings in genoteerde finansiële instrumente of beleggings waarvan genoteerde finansiële instrumente 'n deel uitmaak, namens iemand anders administreer of in veilige bewaring hou nie, tensy hy—
- (a) 'n finansiële instrument-handelaar is;
- 20 (b) 'n effektemakelaar is soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985);
- (c) 'n versekeraar is wat ingevolge die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), geregistreer (ook voorlopig geregistreer) is;
- (d) 'n bankinstelling is wat kragtens die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), 25 geregistreer (ook voorlopig geregistreer) is;
- (e) 'n maatskappy is wat as 'n bestuursmaatskappy kragtens die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981 (Wet No. 54 van 1981), geregistreer is, of 'n maatskappy of instelling is wat as 'n trustee kragtens daardie Wet geregi- 30 streer is;
- (f) 'n prokureur is wat vir eie rekening of in vennootskap of as lid van 'n professionele maatskappy as prokureur praktiseer;
- (g) 'n rekenmeester of ouditeur is wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), as 'n reken- 35 meester en ouditeur geregistreer is en openbare praktyk as sodanig beoefen; of
- (h) iemand is wat deur die Registrateur goedgekeur is, of wat lid is van 'n kategorie persone wat deur die Registrateur goedgekeur is, en voldoen aan die voorwaardes wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.
- 40 (2) By die toepassing van subartikel (1) word daar geag dat die administrasie of veilige bewaring van genoteerde finansiële instrumente nie 'n staande kenmerk van iemand se besigheid is nie—
- (a) tensy hy na die oordeel van die Registrateur—
- (i) vir homself of vir iemand anders, regstreeks of onregstreeks, werk 45 werf wat die administrasie of bewaring van sodanige finansiële instrumente uitmaak, of daarvoor adverteer; of
- (ii) 'n geldwaardige teenprestasie (behalwe gelde wat 'n prokureur of 'n rekenmeester of ouditeur bedoel in subartikel (1) normaalweg vir gelewerde dienste vra) ontvang vir die administrasie of veilige bewa- 50 ring van sodanige finansiële instrumente; of
- (b) indien sodanige finansiële instrumente deel uitmaak van die bates—
- (i) in 'n bestorwe of insolvente boedel, en hy die betrokke eksekuteur, administrateur of kurator is of iemand is wat namens daardie ekseku- 55 teur, administrateur of kurator sodanige finansiële instrumente administreer of in veilige bewaring hou;
- (ii) van iemand wat onder kuratele is, en hy die betrokke kurator is of namens daardie kurator sodanige finansiële instrumente administreer of in veilige bewaring hou;
- (iii) van 'n regspersoon wat in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, en 60 hy die betrokke likwidateur of geregtelike bestuurder is of namens

Act No. 55, 1989

FINANCIAL MARKETS CONTROL ACT, 1989

- administering or holding in safe custody such financial instruments on behalf of that liquidator or judicial manager;
- (iv) of a trust *inter vivos*, and he is the trustee concerned or a person administering or holding in safe custody such financial instruments on behalf of that trustee; or
- (v) of a minor, and he is the guardian concerned or a person administering or holding in safe custody such financial instruments on behalf of that guardian.

5

Restriction on use of name or description implying connection with financial exchange

6. No person shall apply to any company, body, firm, business or undertaking a name or description signifying or implying some connection between the company, body, firm, business or undertaking and a financial exchange, unless such person is a member of such an exchange or has obtained the prior written approval of the Registrar in the prescribed manner and on payment of the prescribed fee.

10

Application for certificate authorizing issue or renewal of financial market licence 15

7. (1) Notwithstanding section 30 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), two persons or more may form an association to carry on the business of a financial market, and the association may apply to the Registrar for a certificate authorizing a receiver of revenue to issue to the association a financial market licence or to renew any such licence: Provided that for the purposes of this subsection a partnership shall be deemed to be one person.

20

(2) Every application relating to the issue of a financial market licence shall be made in the prescribed manner and be accompanied by the prescribed fee and not fewer than five copies of the proposed rules.

Grant of certificate authorizing issue of financial market licence

25

8. (1) The Registrar may grant the association referred to in section 7 (1) a certificate authorizing a receiver of revenue to issue to the association a financial market licence, if the Registrar is satisfied that—

- (a) the association has sufficient financial resources for the proper exercise or carrying out of the powers and duties conferred upon or assigned to a financial exchange by or under this Act;
- (b) the proposed rules comply with the requirements of this Act;
- (c) the interests of the public will be served by the issue of the licence; and
- (d) members will carry on business as buyers and sellers of listed financial instruments, independently of one another and in competition with one another.

30

35

(2) Such certificate shall specify the place at which or the facility by means of which the business of the financial market may be carried on, and that business shall not be carried on at any other place or in any other manner without the prior approval of the Registrar.

40

Financial market licence

9. (1) A financial market licence shall, subject to subsections (3) and (4), be issued by the receiver of revenue of the district in which the head office of the financial exchange concerned is situated.

(2) Any such licence shall expire on 31 December of the year for which it is issued, but may, subject to subsections (3) and (4), be renewed from year to year.

45

(3) No such licence shall be issued or renewed except in pursuance of a certificate by the Registrar authorizing its issue or renewal, as the case may be.

WET OP BEHEER VAN FINANSIËLE MARKTE, 1989

Wet No. 55, 1989

daardie likwidateur of geregtelike bestuurder sodanige finansiële instrumente administreer of in veilige bewaring hou;

- (iv) van 'n trust *inter vivos*, en hy die betrokke trustee is of namens daardie trustee sodanige finansiële instrumente administreer of in veilige bewaring hou; of
- 5 (v) van 'n minderjarige, en hy die betrokke voog is of namens daardie voog sodanige finansiële instrumente administreer of in veilige bewaring hou.

10 **Beperking op gebruik van naam of beskrywing wat verband met finansiële beurs te kenne gee**

6. Niemand mag 'n naam of beskrywing vir 'n maatskappy, liggaam, firma, besigheid of onderneming gebruik wat die een of ander verband tussen die maatskappy, liggaam, firma, besigheid of onderneming en 'n finansiële beurs aandui of te kenne gee nie, tensy so 'n persoon 'n lid is van so 'n beurs of op die
- 15 voorgeskrewe wyse en teen betaling van die voorgeskrewe geld vooraf die skriftelike goedkeuring van die Registrateur verkry het.

Aansoek om sertifikaat wat uitreiking of hernuwing van finansiële mark-lisensie magtig

7. (1) Ondanks artikel 30 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973),
- 20 kan twee of meer persone 'n vereniging stig om die besigheid van 'n finansiële mark te dryf, en die vereniging kan by die Registrateur aansoek doen om 'n sertifikaat wat 'n ontvanger van inkomste magtig om aan die vereniging 'n finansiële mark-lisensie uit te reik, of om so 'n lisensie te hernieu: Met dien verstande dat 'n vennootskap by die toepassing van hierdie subartikel as een persoon beskou word.
- 25 (2) Elke aansoek wat betrekking het op die uitreiking van 'n finansiële mark-lisensie moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word en moet vergesel gaan van die voorgeskrewe geld en minstens vyf afskrifte van die voorgestelde reëls.

Toestaan van sertifikaat wat uitreiking van finansiële mark-lisensie magtig

8. (1) Die Registrateur kan aan die vereniging bedoel in artikel 7 (1) 'n sertifikaat
- 30 toestaan wat 'n ontvanger van inkomste magtig om aan die vereniging 'n finansiële mark-lisensie uit te reik, mits die Registrateur oortuig is dat—
- (a) die vereniging genoegsame finansiële hulpbronne het vir die behoorlike uitoefening of uitvoering van die bevoegdhede en pligte wat by of kragtens hierdie Wet aan die finansiële beurs verleen of opgedra word;
- 35 (b) die voorgestelde reëls voldoen aan die vereistes van hierdie Wet;
- (c) die belange van die publiek deur die uitreiking van die lisensie gedien sal word; en
- (d) lede besigheid sal dryf as kopers en verkopers van genoteerde finansiële instrumente, onafhanklik van mekaar en in mededinging met mekaar.
- 40 (2) Sodanige sertifikaat moet die plek waar of die fasiliteite deur middel waarvan die besigheid van die finansiële mark gedryf mag word, spesifiseer en daardie besigheid mag nie sonder die voorafgaande goedkeuring van die Registrateur op 'n ander plek of op 'n ander wyse gedryf word nie.

Finansiële mark-lisensie

- 45 9. (1) 'n Finansiële mark-lisensie word, behoudens subartikels (3) en (4), uitgereik deur die ontvanger van inkomste van die distrik waarin die hoofkantoor van die betrokke finansiële beurs geleë is.
- (2) So 'n lisensie verval op 31 Desember van die jaar waarvoor dit uitgereik word, maar kan, behoudens subartikels (3) en (4), van jaar tot jaar hernieu word.
- 50 (3) So 'n lisensie word nie uitgereik of hernieu nie behalwe ingevolge 'n sertifikaat deur die Registrateur wat die uitreiking of die hernuwing daarvan, na gelang van die geval, magtig.

Act No. 55, 1989**FINANCIAL MARKETS CONTROL ACT, 1989**

(4) A licence fee as prescribed shall be payable in respect of the issue or renewal of any such licence: Provided that if the liability in respect of the issue of the licence arises after 30 June in any year, one-half of that amount shall be payable for its issue.

Refusal of certificate authorizing renewal of financial market licence

10. (1) The Registrar may refuse to grant a certificate authorizing the renewal of a financial market licence if— 5

- (a) he is satisfied that during the year preceding the year for which the licence is to be renewed—
- (i) the rules of the financial exchange concerned were not properly enforced; 10
 - (ii) the financial exchange did not comply with any of the requirements referred to in section 8 (1) (a), (c) or (d);
 - (iii) the financial exchange did not comply with any other provision of this Act; or
 - (iv) the financial exchange did not comply with any direction, request, condition or requirement of the Registrar in terms of any provision of this Act; or 15
- (b) during the year preceding the year for which the licence is to be renewed the financial exchange failed to give effect to a decision of the board referred to in section 18. 20

(2) No refusal of a certificate under subsection (1) shall be of force unless the Registrar has previously by notice in writing given the financial exchange concerned an opportunity to show cause within a period specified in the notice why such certificate should not be refused.

Cancellation or suspension of financial market licence

25

11. (1) The Registrar may cancel or suspend on such conditions as he may think fit a financial market licence if—

- (a) he is satisfied that the financial exchange has failed to comply with any of the requirements referred to in section 8 (1) (a) or (d) or 10 (1) (a) (i), or with any other provision of this Act, or with any direction, request, condition or requirement of the Registrar in terms of any provision of this Act, and that such failure has resulted or will probably result in prejudice to the interests of the public; 30
- (b) he is satisfied, after an inspection in terms of section 26, that the manner in which the business of the financial exchange is carried on is unsatisfactory or not calculated to serve the best interests of the public; 35
- (c) he is satisfied that the financial exchange has ceased to carry on the business of a financial market or has within a reasonable period after licensing failed to carry on such business; or
- (d) it appears that the licence was obtained through fraud. 40

(2) No cancellation or suspension of any licence under subsection (1) shall be of force unless the Registrar has previously by notice in writing given the financial exchange concerned an opportunity to show cause within a period specified in the notice why its licence should not be cancelled or suspended.

Juristic personality of association

45

12. An association referred to in section 7 shall as from the date on which it is issued with a financial market licence be a juristic person capable of suing or being sued in the name in which it is licensed, and of acquiring, owning, burdening, hiring, letting and alienating property, and, subject to the provisions of this Act, of doing such things as may be necessary for or incidental to the exercise of its powers or the carrying out of its duties in terms of the rules. 50

Delegation of functions of executive committee

13. An executive committee of a financial exchange may, subject to such conditions as it may determine, delegate or assign any power or duty conferred upon

(4) Die voorgeskrewe lisensiegeld is ten opsigte van die uitreiking of hernuwing van so 'n lisensie betaalbaar: Met dien verstande dat indien die aanspreeklikheid ten opsigte van die uitreiking van die lisensie na 30 Junie in 'n jaar ontstaan, die helfte van daardie bedrag vir die uitreiking daarvan betaalbaar is.

5 Weiering van sertifikaat wat hernuwing van finansiële mark-lisensie magtig

10 10. (1) Die Registrateur kan weier om 'n sertifikaat wat die hernuwing van 'n finansiële mark-lisensie magtig, toe te staan indien—

(a) hy oortuig is dat gedurende die jaar wat die jaar waarvoor die lisensie hernieu moet word, voorafgegaan het—

10 (i) die reëls van die betrokke finansiële beurs nie behoorlik afgedwing is nie;

(ii) die finansiële beurs nie voldoen het aan enige van die vereistes bedoel in artikel 8 (1) (a), (c) of (d) nie;

15 (iii) die finansiële beurs nie voldoen het aan enige van die ander bepalings van hierdie Wet nie; of

(iv) die finansiële beurs nie voldoen het nie aan 'n lasgewing, versoek, voorwaarde of vereiste van die Registrateur ingevolge een of ander bepaling van hierdie Wet; of

20 (b) gedurende die jaar wat die jaar voorafgegaan het waarvoor die lisensie hernieu moet word, die finansiële beurs versuim het om aan 'n besluit van die raad bedoel in artikel 18 gevolg te gee.

25 (2) Geen weiering van 'n sertifikaat kragtens subartikel (1) is van krag nie tensy die Registrateur vooraf die betrokke finansiële beurs by skriftelike kennisgewing die geleentheid gegee het om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld redes aan te voer waarom die sertifikaat nie geweier moet word nie.

Intrekking of opskorting van finansiële mark-lisensie

11. (1) Die Registrateur kan op die voorwaardes wat hy goeddink 'n finansiële mark-lisensie intrek of opskort indien—

30 (a) hy oortuig is dat die finansiële beurs versuim het om te voldoen aan enige van die vereistes bedoel in artikel 8 (1) (a) of (d) of 10 (1) (a) (i), of aan enige ander bepaling van hierdie Wet, of aan 'n lasgewing, versoek, voorwaarde of vereiste van die Registrateur ingevolge een of ander bepaling van hierdie Wet, en dat sodanige versuim benadeling van die belange van die publiek veroorsaak het of waarskynlik sal veroorsaak;

35 (b) hy oortuig is, na afloop van 'n inspeksie ingevolge artikel 26, dat die wyse waarop die besigheid van die finansiële beurs gedryf word, onbevredigend is of nie daarop bereken is om die beste belange van die publiek te dien nie;

40 (c) hy oortuig is dat die finansiële beurs opgehou het om die besigheid van 'n finansiële mark te dryf of binne 'n redelike tydperk na lisensiering versuim het om sodanige besigheid te dryf; of

(d) dit blyk dat die lisensie deur bedrog verkry is.

45 (2) Geen intrekking of opskorting van enige lisensie kragtens subartikel (1) is van krag nie tensy die Registrateur vooraf die betrokke finansiële beurs by skriftelike kennisgewing die geleentheid gegee het om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld redes aan te voer waarom sy lisensie nie ingetrek of opgeskort moet word nie.

Regspersoonlikheid van vereniging

50 12. 'n Vereniging bedoel in artikel 7 is vanaf die datum waarop 'n finansiële mark-lisensie aan hom uitgereik word 'n regs persoon wat bevoeg is om in die naam waarin hy gelisensieer is, as eiser en verweerder op te tree, en eiendom te verkry, te besit, te beswaar, te huur, te verhuur en te vervreem, en om, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet, alle dinge te doen wat vir die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte ingevolge die reëls nodig is of daarmee in verband staan.

55 Delegering van werksaamhede van uitvoerende komitee

13. 'n Uitvoerende komitee van 'n finansiële beurs kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige bevoegdheid of plig by of kragtens hierdie Wet

Act No. 55, 1989**FINANCIAL MARKETS CONTROL ACT, 1989**

or assigned to it by or under this Act, excluding the punishment of a member under the rules of the financial exchange in question and the powers conferred by section 15, to a subcommittee or such person as it deems fit, but shall not thereby be divested or relieved of a power or duty so delegated or assigned.

List of financial instruments

5

14. An executive committee of a financial exchange shall keep a list, approved by the Registrar, of the financial instruments which may be dealt in on the financial market in question and shall, subject to section 15 (3), not permit dealings on the market in financial instruments not included in the list.

Removal or suspension of listed financial instruments, and omission of prices of financial instruments from list of quotations of prices

10

15. (1) Subject to the other provisions of this section and notwithstanding any arrangement entered into under which financial instruments may be dealt in on a financial market—

- (a) an executive committee may in accordance with the rules in question— 15
 - (i) remove from the list referred to in section 14 any listed financial instruments or suspend the inclusion in the list of those financial instruments; or
 - (ii) omit from a list of quotations of prices of financial instruments issued for publication on the authority of the executive committee, the prices of any financial instruments previously quoted in this list; or 20
- (b) an executive officer may in accordance with the rules in question summarily suspend for a period not exceeding 30 days the inclusion of financial instruments in the list referred to in section 14.

(2) No removal, suspension or omission referred to in subsection (1) (a) shall be effected by the executive committee on a ground in respect of which the person who issued the financial instruments has not had the opportunity of making representations to the executive committee in support of the continued inclusion of the financial instruments or prices in the relevant list. 25

- (3) In the case of— 30
 - (a) a removal or suspension of listed financial instruments by an executive committee in terms of subsection (1) (a); or
 - (b) a suspension of listed financial instruments by an executive officer in terms of subsection (1) (b),

the executive committee or executive officer, as the case may be, may, notwithstanding section 14, permit members to deal on the financial market in the financial instruments in question for the sole purpose of fulfilling their obligations entered into before the removal or suspension. 35

- (4) (a) Whenever the Registrar deems it desirable in the public interest, he may, after consultation with an executive committee of a financial exchange, exercise any of the powers referred to in subsection (1) (a) or, after consultation with the executive committees of that financial exchange and any other financial exchange, transfer the particular instrument to be included in the list of financial instruments of such other exchange. 40
- (b) Subsections (2) and (3) shall *mutatis mutandis* apply in the exercise of such powers, and in the application thereof a reference therein to an executive committee shall be construed as a reference to the Registrar. 45

Application of new or amended conditions to existing listed financial instruments

16. Notwithstanding any conditions on which an executive committee may have consented to the inclusion of any financial instruments in the list referred to in section 14, any new conditions or any amendment of the existing conditions which may from time to time be imposed or effected by the executive committee, may, in accordance with the rules, be applied by the executive committee also to financial instruments in respect of which consent was granted prior to the imposition or amendment of such conditions, by prior notice in writing to the person who issued the financial instruments in question. 55

aan hom verleen of opgedra, uitgesonderd die bestraffing van 'n lid kragtens die reëls van die betrokke finansiële beurs of die bevoegdhede by artikel 15 verleen, aan 'n subkomitee of persoon wat hy goeddink, delegeer of opdra, maar word nie daardeur van 'n bevoegdheid of plig aldus gedelegeer of opgedra, ontdoen of onthef nie.

5 Lys van finansiële instrumente

14. 'n Uitvoerende komitee van 'n finansiële beurs hou 'n lys van finansiële instrumente, goedgekeur deur die Registrateur, waarin op die betrokke finansiële mark sake gedoen mag word en laat, behoudens artikel 15 (3), geen sake op die mark toe in finansiële instrumente wat nie in die lys opgeneem is nie.

